Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 40: Balak – Balak

Nou Balak, die seun van Tzippor, het alles gesien wat Yisra'el aan die Emoriete gedoen het.
Num. 22:2 – PWL[1]

Torah : Numeri 22:2 tot 25:9

Haftorah: Miga 5:6 tot 6:8

Nuwe Verbond: Matt. 24:11, 24; 2 Pet. 2:1 tot 22; Judas 11; Open. 2:14 en 15.

Vorige jare se notas vir Parashah 40 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

The safest road to hell is the gradual one – the gentle slope, soft underfoot, without sudden turnings, without milestones, without signposts. – C.S. Lewis.

Al het jy niks in jou eie hande nie, maar jy weet jy is in God se hand, kan jy jubel. Ons jubel dalk so moeilik wanneer ons verwagtings misluk, omdat ons nog te veel dinge in ons hande vasklou en vrees dat ons dit gaan verloor. – Johan Smit.

Although we do not yet hear the shofar announcing the coming of the Messiah, the unseen world of spiritual darkness certainly does – FFOZ, Balak 2018.

Kindness is in our power even when fondness is not – Henry James.

Nine-tenths of the difficulties are overcome when our hearts are ready to do the Lord's will, whatever it may be. When one is truly in this state, it is usually but a little way to the knowledge of what His will is. – George Mueller.

[1]Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing (*chukkat* – wetsinstelling) het ons geleer van יהוה se onderrig en instruksies aangaande die rooi verskalf en die reiningingswater. As deel van die ou verbond was die doel van die verbranding van die rooi verskalf, en die reinigingswater wat van die as berei was, was vir die seremoniële reiniging van ‘n persoon wat met die dood in kontak was.

Net so is vertroue in Yeshua se folterdood en opstanding, as versoening met יהוה, die reiniging van elkeen wat geestelik dood was. Yeshua het aan die folterpaal gesterf sodat elkeen wat in Hom as Verlosser vertrou, gereinig kan word van die gevolge van die geestelike dood weens sonde wat oor ons elkeen geheers het.

Die verbranding van die rooi verskalf en die bereiding van die reinigingswater bevattende die as van die verskalf was slegs ‘n fisiese sinnebeeld van ‘n toekomstige geestelike werklikheid. Yeshua is die vervulling van hierdie wetsinstelling, want Hy is יהוה se Reinigingswater. Daarom sal enige toekomstige bereiding van reinigingswater, bevattende die as van ‘n rooi verskalf, ‘n verwerping wees van die vervulling van hierdie wetsinstelling deur Yeshua se dood en opstanding! Dit sal rebellie teen יהוה-God wees!

In hierdie week se Torahstudie kry ons ook te doen met ‘n vorm van rebellie teen יהוה wanneer ons leer van Bil’am wat sy eie begeertes bo die wil van God gestel het.

Die Donkie-Oomblikke van ons Lewe

Balak, die koning van Mo’av, het gevrees dat die Yisra’eliete sy land gaan oorneem en daarom het hy boodskappers na Bil’am gestuur met die versoek dat hy moet kom om Yisra’el te vervloek. Bil’am het egter geweier om saam met die boodskappers te gaan, want יהוה het vir hom gesê: “Jy mag nie saam met hulle gaan nie, jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd” (Num. 22:12).

Balak het egter die boodskappers ‘n tweede keer gestuur en dié keer het Bil’am ingestem om saam met die boodskappers te gaan, hoewel hy geweet het dat dit nie יהוה se wil was nie!

> Bil’am het die oggend opgestaan, sy donkie opgesaal en saam met die leiers van Mo’av gegaan. Num. 22:21.

Maar die toorn van God het ontvlam en die boodskapper van יהוה het Homself as Teëstander in die pad geplaas. Bil’am het egter nie die boodskapper gesien nie, slegs sy donkie het! Telkens het die donkie die boodskapper ontwyk en telkens het Bil’am die donkie geslaan! Maar later was hulle op ‘n gedeelte van die pad waar die die donkie nie na links of regs kon uitdraai nie en sy het toe onder Bil’am gaan lê en hy het die donkie met sy staf geslaan. Maar dan lees ons:

> **31** Toe maak יהוה Bil’am se oë oop en hy sien die boodskapper van יהוה in die pad staan met Sy uitgetrekte swaard in Sy hand en hy het neergebuig en op sy gesig op die grond geval.
> **32** Die boodskapper van יהוה vra vir hom: “Hoekom het jy jou donkie hierdie drie keer geslaan? Let op, Ek het as ’n Teëstander teen jou uitgekom, want jou pad loop onaanvaarbaar voor My uit!

> **33** Die donkie het My gesien en hierdie drie keer voor My uitgedraai. As sy nie voor My uitgedraai het nie, sou Ek jou nou doodgemaak en haar laat lewe het."

Bil'am se eiesinnigheid en sy hardkoppige ongehoorsaamheid het hom geestelik blind gemaak sodat hy, eerstens, nie die boodskapper van יהוה kon sien nie en, tweedens, nie besef het dat die irriterende optrede van die donkie sy lewe gered het nie! Daarom het יהוה vir Bil'am gesê: "As sy nie voor My uitgedraai het nie, sou Ek jou nou doodgemaak en haar laat lewe het."

Ons lewe is dikwels vol hindernisse wat as ergernisse beskou word wat ons planne en verwagtinge in die wiele ry. Ons word maklik ongeduldig en omgekrap met dinge of met mense wat ons verhinder om dit te bereik wat ons onsself ten doel stel!

Dit is in dié opsig wat Bil'am ons 'n les leer. Hierdie frustrerende hindernisse wat in ons pad staan, kan moontlik deur Vader-God se toedoen wees! Daarom moet ons altyd die woorde van Yesha'yahu onthou (Jes. 55:8-9).

> **8** want My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle manier is nie My manier nie," verklaar יהוה,
> **9** want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My metodes hoër as julle metodes en My gedagtes as julle gedagtes.

In stede daarvan om gefrustreerd en ongeduldig te word, moet ons eerder vra dat ons deur die Afgesonderde Gees gelei word om Vader-God se plan en wil vir ons raak te sien en te volg.

Ons moet onthou dat Vader is nie beperk in die wyse wat Hy ons tot ander insigte bring nie – Hy kan selfs 'n donkie gebruik!! Daarom moet ons nie die donkie-oomblikke in ons lewe noodwendig beskou as die werk van Satan nie, want יהוה-God kan moontlik self daarvoor aandadig wees!

Maar die belangrikste les wat ons uit die geskiedenis van Bil'am leer, is dat wanneer יהוה "nee" sê vir dit wat ons vra, dan is dit "NEE" en nie "miskien" nie!

Bepeins of bespreek

1. Loop ons nie ook dikwels in geestelike blindheid wanneer ons hardkoppig weier om volgens יהוה se Torah te leef nie? Wat gebruik Vader-God om ons tot ander insigte te bring?

Die Rebellie van Bil'am

In Num. 22:20 lees ons dat יהוה het vir Bil'am toestemming gegee om saam met die boodskappers te gaan:

> God het in die nag na Bil'am gekom en gesê: "As die mans dan gekom het om jou te roep, staan dan op, gaan saam met hulle, maar net die woord wat Ek vir jou sê, dit moet jy doen."

Nou is die vraag: Hoekom het God se woede dan teen Bil'am ontvlam? Ons moet onthou dat יהוה ken elke mens se hart (verstand, wil en emosie) beter as wat die mens sy eie hart ken. Derhalwe het God geweet wat Bil'am se eintlik begeerte was, naamlik om vir eie gewin saam met die boodskappers van Balak te gaan. Hierdie was as rebellie gereken, want Bil'am het nie gehoor gegee aan God se aanvanklike antwoord dat hy nie mag gaan om Yisra'el te vervloek nie (Num. 22:12).

Tweedens is die mens se wil soewerein en kan God net omstandighede skep om die mens se wil te beïnvloed. Die boodskapper van יהוה en die donkie was die omstandighede wat יהוה geskep het om Bil'am se geesteslike oë oop te maak. Daarom lees ons in Num. 22:34 van Bil'am se besef dat hy gesondig het:

> Bil'am sê vir die boodskapper van יהוה: "Ek het gesondig, want ek het nie geweet dat U teenoor my in die pad gestaan het nie; daarom nou, as dit onaanvaarbaar in U oë is, sal ek teruggaan."

Maar hierdie berou van Bil'am was slegs wêreldse berou, naamlik berou oor die gevolge van sy sonde en nie oor die oorsaak van sy sonde nie. Bil'am het steeds nie 'n hartsverandering van sy gesindheid ondergaan nie! Nee, sy eie belange het steeds voorrang geniet! Daarom word hy gereken onder die vals profete soos wat ons in 2Pet. 2:15-16.

> **15** Toe hulle die regte pad verlaat het, het hulle afgedwaal en die pad van Bil'am, die seun van B'or, gevolg, wat die loon van die bose liefgehad het,
> **16** maar bestraf is vir sy oortreding deur die stom donkie wat gepraat het met die stem van 'n mens en die malligheid van die profeet verhoed het.

En in Judas vers 11 lees ons:

> Wee hulle, wat op die pad van Kayin gegaan het en agter die misleiding van Bil'am aan, met blydskap vir geld betower is en vernietig is in die rebellie van Korag.

Bil'am het die loon van die bose liefgehad! Hy is 'n voorbeeld van 'n profeet wat sy eie onpartydige opregtheid opgerig het!

Bil'am dien as waarskuwing aan ons dat in die laaste dae sal daar ook die vals profete wees soos wat Yeshua ons gewaarsku het:

Pas op vir die vals profete! Hulle kom in skaapsklere na julle toe, maar van binne is hulle plunderende wolwe. Matt. 7:15.

Hierdie vals profete sal die waarheid en die leuen meng om dit meer ontvanklik te maak vir die mense. Soos Sha'ul skryf:

> **3**want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streel
> **4**en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai. 2 Tim. 4:3 en 4.

Bil'am se optrede was *more for the profit motive than the prophet motive*.

Nie net het Bil'am sy eie belange vooropgestel nie, maar wou hy graag vir Balak tevrede stel. Bil'am was dus 'n *people pleaser*, veral as dit vir homself voordelig was. Maar hy was oortuig dat hy getrou aan יהוה was, hoewel hy met sy een voet in die wêreld gestaan het en met sy ander voet in gehoorsaamheid aan יהוה.

Bil'am is daarom ook die sinnebeeld van gelowiges wat die geestelike en die vleeslike meng en glo dat hulle יהוה in Gees en in waarheid dien (Joh. 4:24). Maar in werklikheid rebelleer hulle teen יהוה deur hulle eie onpartydige opregtheid op te rig, want hulle ken nie God se onpartydige opregtheid nie.

Bepeins of Bespreek:

1. Dit is duidelik dat Bil'am die stem van יהוה gehoor het en dat hy die woorde van God geprofeteer het, en tog is Hy saam met die Midianiete uitgewis as vyand van God. So ook word Bil'am voorgehou as 'n voorbeeld van die valse leraars (2 Pet. 2:15) en word daar na die verleiding van Bil'am verwys (Judas 11), asook na hom as 'n struikelblok in die weg van Yisra'el (Open. 2:14). Is Bil'am nie moontlik een van diegene na wie Yeshua in Matt. 7:13 tot 24 verwys nie? *Kan Bil'am nie ook vra: Maar het ek nie in U Naam geprofeteer nie...*! Dien hierdie nie as ernstige waarskuwing dat hoewel יהוה mense in Sy Raadsplan gebruik, dit opsigself nie noodwendig die bewys is van die salwing van יהוה en van redding nie?

Haftorah Bespreking (Miga 5:6 tot 6:8)

Die Oorblyfsel van Yisra'el

Mikhah (Miga) was 'n profeet van Y'hudah gedurede die agtiende eeu voor dié Gesalfde Een, en in die dae toe Yotam, Agaz en Hizkiyahu, konings van Y'hudah was. Hy was ook tydgenoot van die profete Hoshea, Amos en Yesha'yahu. Mikhah se naam wat "wie is soos Yah?" beteken was 'n profeet wat deur God na beide huise van Yisra'el gestuur was.

In hierdie week se Haftorahskriflesing sien ons weereens יהוה se onveranderlike liefde vir Yisra'el, maar 'n liefde wat gepaardgaan met tugtiging en ook van dit wat God van hulle vereis.

In Miga 5:7-8 (5:6-7 – AOV) vergelyk Mikhah die oorblyfsel van Jakob wat onder baie volke verstrooi is met dou vanaf יהוה en soos reënbuie wat op plante val en vir geen mens wag alvorens groei plaasvind nie.

> **7**.... dan sal die wat van Ya'akov oorbly onder baie volke wees soos dou vanaf יהוה, soos reënbuie op plante, wat nie vir die mens wag of vertoef vir die seuns van die mens nie.
> **8** Die wat oorbly van Ya'akov sal tussen die nasies, onder baie volke wees soos 'n leeu onder die diere van die woud, soos 'n jong leeu onder troppe kleinvee; wat, as hy verbytrek, vertrap en verskeur en daar is niemand wat red nie. Miga 5:7-8 (Miga 5:6-7 – AOV).

Wie is hierdie oorblyfsel van Yisra'el? Dit is die ware Yisra'el (die geestelike), naamlik elkeen wat Yeshua as dié Gesalfde Een bely en getrou יהוה se Torah onderhou! Daarom lees ons in Gal. 3:24 tot 29 die volgende:

> **26** want julle is almal kinders van God deur die vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een,
> **27** want julle almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek.
> **28** Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua.
> **29** As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename.

Yisra'el volgens die nuwe verbond bestaan uit Jode en nie-Jode wat bely dat Yeshua dié Gesalfde van God is en wat יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is, gehoorsaam.

Volgens Efes. 2:11-19 is ons wat vervreemd was van die burgerskap van Yisra'el deur vertroue in Yeshua nou deel van Yisra'el en die verbonde. Yeshua het albei, Jood en nie-Jood, een gemaak !!

11 As gevolg hiervan, onthou dat julle vroeër nie-Jode in die vlees was en ‘onbesnedenis’ genoem is, anders as hulle wat ‘die besnedenis’ genoem word en ’n werk is wat aan die vlees met hande gedoen word
12 en dat julle in daardie tyd sonder Die Gesalfde Een was, vreemdelinge aan die nasionale lewe van Yisra’el en vreemdelinge aan die verbond van die belofte, sonder aktiewe verwagting en sonder God in die wêreld.
13 Nou, in Die Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op ’n afstand was, naby gekom deur die bloed van Die Gesalfde Een,
14 want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding vernietig het.
15 In Sy fisiese liggaam het Hy die haat waardeloos gemaak, wat deur die opinie van mense aangaande opdragte van die wet veroorsaak is sodat deur Sy liggaam, die twee tot een nuwe mens geskep kon word.
16 Hy het die twee se verhouding met God herstel in Een liggaam en deur Sy kruisiging die haat doodgemaak.
17 Hy het gekom en die goeie boodskap van vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed aan julle wat ver was en aan die wat naby was verkondig,
18 want in Hom is daar vir ons albei toegang deur een Gees tot die Vader.
19 Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.

Mikhah vergelyk hierdie oorblyfsel van Yisra’el dan ook met ‘n leeu onder die diere van die woud. Hierdie is ‘n sinnebeeld van hulle wat met die swaard van die Woord van Torah-gehoorsaamheid tussen die nasies met die dapperheid van ‘n leeu sal ingaan om יהוה se Koninkryk uit te brei.

Dit verwys egter ook profetiese na ‘n toekomstige tydperk wanneer al Yisra’el se vyande oorwin sal wees (Miga 5:6-10). Hierdie vyande is dié wat die ware Yisra’el in die einde van dae sal vervolg en doodmaak. Mikhah verwys ook profeties na hierdie tydperk as wanneer יהוה se volk gereinig en afgesonderd sal word van alle afgodery, towery en goëlary (Miga. 5:11-14), asook wanneer God wraak sal uitoefen in woede en toorn op die nasies wat nie gehoorsaam was nie (Miga 5:11-14).

Laasgenoemde sluit die fisiese Yisra’el in, naamlik die Jode wat Yeshua verwerp het, want hulle was nie gehoorsaam aan Yeshua die Seun van God nie en is daarom Sy vyand! In Miga 6:1-8 roep Miga vir Yisra’el op tot ‘n vergadering met יהוה wat ‘n aanklag teen hulle het (Miga 6:1 en 2).

1 Hoor nou wat יהוה sê: “Staan op, pleit jou saak voor die berge en laat die heuwels jou stem hoor.
2Luister, julle berge, na die aanklag van יהוה en julle standvastige fondasies van die aarde, want יהוה het ‘n saak teen Sy volk; Hy sal selfs met Yisra’el verskil.

Hierdie gesprek (regsgeding) begin met יהוה wat vra: *My volk, wat het Ek aan jou gedoen en hoe het Ek jou vermoei? Antwoord My!* (Miga 6:3). Hierop volg ‘n lys van hoe יהוה in Sy liefdevolle omgee Yisra’el verlos en beskerm het en hoe daar in al hul behoeftes voorsien was. יהוה herinner Yisra’el ook aan Sy beskerming teen Bil’am en Balak (Miga 6:5).

Aangesien die Jode die tempel gaan herbou met ‘n Levitiese priesterorde en offerandes, sal daar wel ‘n dag kom wanneer hulle die volgende sal vra:

6 Waarmee sal ek na יהוה toe kom en my neerbuig voor die God daar bo?

> **7** Sal ek na Hom toe kom met brandoffers, met kalwers in hul eerste jaar? Skep יהוה behae in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my rebelse dade, die vrug van my liggaam vir die sonde van my lewe?
> **8** O mens, Hy het aan jou verklaar wat goed is en wat vra יהוה anders van jou as om regverdig te oordeel, goedheid lief te hê en nederig saam met jou God te loop? Miga 6:6-8.

Fisiese Yisra'el soos deur Rabbynse Judaïsme verteenwoordig word, loop reeds sedert Yeshua se versoening aan die folterpaal nie in nederigheid saam met God nie! Nee, maar wel in hoogmoed, want hulle het hulle eie onpartydige opregtheid opgerig; dit ten spyte van hulle ywer vir God (Rom. 10:1-3).

In die ou verbond leer ons dat telkens wanneer Yisra'el nie volgens die Torah van Moses geleef het nie, maar afgedwaal het agter ander gode aan en met ander volke se sedeloosheid besoedel geraak het, het יהוה hulle gestraf. Die vraag is dus die volgende: Kan hedendaagse Yisra'el van sowat 6,6 miljoen Jode, naamlik 74,5% van die bevolking van Yisra'el, as Torahgehoorsaam gereken word en יהוה se seën verwag? Nee!! Want die meerderheid Jode in Yisra'el glo nie in יהוה-God van die Afgesonderde Skrifte nie.

Volgens die webblad: https://www.jewishvirtuallibrary.org/latest-population-statistics-for-Israel word 44% van die Jode in Yisra'el as sekulêr gereken, 11% as godsdienstig en 9% as ultra-ortodoks.

In 'n artikel deur Aaron Hecht ('n Messiaanse Jood wat in Yisra'el woon): "Shocking Truths about Sharing the Gospel in Israel", skryf hy ondermeer die volgende:

- Hard truth #1 is this; most of the Jewish people living in Israel in 2018 don't believe in God.
  Even among those who say they do, and/or are living a religiously observant lifestyle, the god they believe in doesn't much resemble the God described in the Bible, a book that few of them ever read.

- Hard truth #2, the modern Nation State of Israel is wallowing in DEEP unrighteousness and sin. This shouldn't surprise anyone, for the Apostle Paul talks about it in Romans 9:27-29 saying;

  "Isaiah cries out concerning Israel, "Though the number of the sons of Israel be like the sand of the sea, it is the remnant that will be saved; for the Lord will execute His word on the earth, thoroughly and quickly." And just as Isaiah foretold, "Unless the Lord of Sabaoth had left to us a posterity, we would have become like Sodom, and would have resembled Gomorrah."

  Sodom and Gomorrah indeed. Tel Aviv is one of the world's most gay-friendly cities and the Israeli Ministry of Tourism spends almost as much money trying to attract homosexual tourists to come to Tel Aviv as it does trying to attract Evangelical Christian pilgrims to come to Jerusalem and the Galilee. It's astounding to think about, but these two groups of tourists manage to largely avoid each other in this tiny country they're all visiting at the same time.

  The "remnant" being mentioned in this passage are the Messianic Jewish Believers, and we are a TINY remnant in Yisra'el, although the numbers are growing quickly.

Die volledige artikel is beskikbaar by: https://www.oneforisrael.org/bible-based-teaching-from-israel/shocking-truths-about-sharing-the-gospel-in-israel/

Op dieselfde webblad skryf Eitan Bar, wat ook 'n Messiaanse Jood woonagtig in Yisra'el is, ondermeer die volgende in sy artikel: "The Risk Of Loving The Jewish People More Than You Love The Jewish Messiah**"** (https://www.oneforisrael.org/bible-based-teaching-from-israel/the-risk-of-loving-the-jewish-people-more-than-you-love-the-jewish-messiah/)

> Again and again, the Hebrew Scriptures emphasize and teach that the nation of Israel must take care of its people.
>
> Yet today, 1 out of every 3 Israeli children suffer from poverty (Israel ranks 4th in child poverty in the developed world). The medical system is collapsing for lack of funds and medical staff (Israel has OECD's most crowded hospitals). According to Transparency International, corruption in Israel is embarrassingly ranked 60 out of 100. One in four Holocaust survivors suffer from poverty. On multiple occasions this past year, I myself have brought food to Holocaust survivors who face the weekly decision of whether to buy food or to buy necessary medicine. Human trafficking reports rank Israel with 3rd world nations. The sex trade in Israel generates up to $500 million in revenue per year (that is over $60 a person!) while prostitution is legal and widely available in Israel. In its annual report for 2012, the International Narcotics Control Board lists Israel among the "countries that are major manufacturers, exporters, importers and users of narcotic drugs." Israel is one of the world's leaders when it comes to abortions, with 55 babies being killed every day – and our government is the one subsidizing it.
>
> You see, just like anywhere else in the world, our country is comprised of sinful human beings who unfortunately are yet to recognize their need for the Savior. As a result, our country's immoral decisions are evident.

Daarom: In die lig van bogenoemde en volgens יהוה se standaard van wat van Sy volk vereis word, sal Hy vir fisiese Yisra'el (die Jode) oordeel en straf tot hulle met berou sal erken dat Yeshua dié Gesalfde van God is wat ook vir hulle sondes aan die folterpaal gesterf het. Dan sal hulle weer terug geënt word op die mak olyfboom en deel van die ware Yisra'el van יהוה-God word.

Yeshua, dié Gesalfde Een, is die Weg, die Waarheid en die Lewe vir die oorblywende fisiese Yisra'el! Dit is die boodskap wat ons broers van die huis van Y'hudah moet hoor!

Die Oorblyfsel

Maar Miga 6:6-8 is ook op ons as die ware Yisra'el van toepassing, want ons loop ook gevaar om יהוה met ons eie offers tevrede te wil stel! Ons moet ook gereinig en afgesonderd word van alle afgodery, towery en goëlary (Miga. 5:11-14)

Vader-God vra van ons drie dinge:

- 'n Regverdige oordeel. Dit behels om elke mens regverdig te behandel soos wat jy graag self behandel wil word. Hierdie regverdige oordeel moet ons doen in die lig daarvan dat elke mens deur יהוה geskape is en יהוה staan altyd tussen ons en die mens wat ons oordeel. Lees Matt. 7:12, Mark. 12:31; Rom. 13:10 en 1 Joh. 3:11 tot 18.

- Om goedheid lief te hê. Die Hebreeuse woord vir *goedheid* in hierdie teksvers is *chesed* wat *liefdevolle goedhartigheid (welwillendheid)* beteken. Verwys Jak. 1:27.

- ❖ Om in nederigheid saam met Hom te wandel. Rabbi Phinehas ben Yair skryf in die verband die volgende: *Holiness leads to humility; humility leads to the fear of sin; fear of sin leads to saintliness; saintliness leads to the Holy Spirit*. Liefde en nederigheid is altyd direk aan mekaar verbind: Hoe meer liefde, hoe meer nederigheid, en hoe meer nederigheid, hoe meer liefde. Indien die een vermeerder sal die ander een ook vermeerder! Lees Spr. 16:19, Matt. 18:4; Matt. 23:12; Jak. 4:10 en 1 Pet. 5:6.

Bespreek of Bepeins

1. יהוה se liefde vir fisiese Yisra'el, die Jode, het nog nie verander nie. Daarom sê Sha'ul dat God het nie Sy volk verstoot nie (Rom. 11:2). Maar omdat God die regverdige Regter is, moet Hy hulle oordeel en straf vir hulle sonde en rebellie, want hulle het Yeshua as hulle Verlosser verwerp. Omrede יהוה Sy volk onvoorwaardelik liefhet, soos 'n Vader sy kind, sal Hy Yisra'el oordeel en sal Hy hulle tugtig. Indien God dit nie doen nie, sal Hy nie volgens Sy Karakter en Outoriteit optree nie en kan Hy deur Satan aangekla word!

2. Volgens die nuwe verbond het die Christendom (kerk) nie fisiese Yisra'el vervang nie. Nee, slegs die "samestelling" van Yisra'el het verander en sluit nou almal in wat Yeshua as dié Gesalfde Een bely en wat leef volgens die Torah van יהוה soos dit in Yeshua vervul is.

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.